



deur N. H. THEUNISSEN

VERLEDE week het ek 'n begin gemaak met 'n bespreking van die nasionale volksliedere van die ou republieke en van die ou Kaapkolonie, en in hierdie artikel wil ek iets vertel oor ander Afrikaanse volksliedere wat net so beroemd en net so algemeen bekend is.

Die eerste lied waaroor ek vlugtig wil uitwei, is die volkslied van die „Genootskap van Regte Afrikaners,” wat in 1875 gestig is, en as hul mondstuk die berempde blad, „Die Patriot” in die lewe geroep het. In die Transvaal en Vrystaat het die Hollandse taal destyds maklik tot sy reg gekom, maar in die Kaapkolonie is dit verdruk en met opset doodgesmoor. Dit was verbied in die Parlement en in die Geregshowe. Die Genootskap was die kampvegter vir die taalregte van die Hollandsprekende gedeelte van die volk, maar met 'n profetiese blik in die toekoms het hulle hulle somer uit die staanspoor vir die belange van Afrikaans beywer. Hulle het gevoel dat daar geen reg aan die Hollandsprekendes sou geskied nie, tot tyd en wyl hul moedertaal sy ereplek in Suid-Afrika sou inneem nie. Soos dr. Lydia van Niekerk dit stel: „Mens staan verbaas oor die moed waarmee die onderneming (nl. die publikasie van „Die Patriot”) begin is. Dit was geskryf in 'n taal, wat die spot sou uitlok en wat nog deur die gebruik gesmee moes word.”

Die heel eerste uitgaaf van „Die Patriot” bevat dan ook die „Afrikaanse Volkslied” wat, weens sy nhoude, altyd jonk sal bly, en selfs vandag nog nie sy besieling en oetekenis verloor het nie. Let op die kalme, berustende, vaste vertroue wat spreek uit die twee slotkoeplette. Die gedig is die vrug van samewerking onder die leiers van die Genootskap. Dis opgestel deur C. P. Hoogenhout, A. Pannevis, S. J. du Toit, D. F. du Toit en deur laasgenoemde verafrikaans. Die musiek (wat te vinde is in „Mansvelt” en die F.A.K.-bundel) is deur J. S. de Villiers.

AFRIKAANSE VOLKSLIED

*'n Ieder nasie het sy land;
Ons woon op Afrikaanse strand;
Vir ons is daar geen beter grond
Op al die wye wêreld rond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suid-Afrika.*

*'n Ieder nasie het sy taal,
Ons praat van Kaap tot in Transvaal
Wat almal maklik kan verstaan;
Wat gaan die ander tale ons aan?
Ons praat soos Pa en Oupapa
die landstaal van Suid-Afrika.*

*'n Ieder nasie het sy wet,
Wat goed gebied en kwaad belet;
En elk sy wet is na sy aard,
En gaan met sy natuur gepaard;
So volg ons ook die sede na
Wat tuis hoort in Suid-Afrika.*

*'n Ieder nasie het sy reg,
Al is hy nog so swak en sleg;
Daar is 'n Oog wat alles merk;
Hy set die onreg paal en perk;
Hy kyk ook ons verdrukkers na,
En waak ook oor Suid-Afrika.*

*'n Ieder nasie het sy tyd
Om op te groei en af te slyt,
En soos ons Liewe Heer dit doet,
So is dit altyd wys en goed.
Daar kom vir ons 'n dag ook, ja,
Vertrou op God, Suid-Afrika.*

*Want al die nasies het een God;
Hy reël 'n ieder volk se lot;
Hy het vir ieder volk sy taal,
Sy land, sy reg, sy tyd bepaal.
Wie dit verag sal sy straf dra,
O God, beskerm Suid-Afrika.*

Die Genootskap is gestig gedurende die tyd van lord Carnarvon se federasiëplanne vir die verskillende Suid-Afrikaanse state. Baie Afrikaners het diep vir die skema gevoel, en nie gelaat om die hoop uit te spreek dat die voorgestelde verenigde staat onder 'n Afrikaanse vlag sou staan nie. C. P. Hoogenhout, een van die leidende geeste in die Genootskap, het dan somer ook vir voorbaat 'n volkslied geskryf wat vir hierdie nuwe staat sou dien. Die musiek vir hierdie alombekende lied is te vinde in die F.A.K.-bundel.

WAAR TAFELBERG BEGIN

*Waar Tafelberg begin tot vër in die
Transvaal,
Woon een verenigd volk met algemene
taal,
'n Volk voorheen misken, 'n taal
voorheen gesmoor,
Maar nou beroemd, geëerd in ons,
Wes, Suid en Noord.*

*Die Afrikaanse Taal, die klink vir
ons so soet;
Dit is ons moedertaal, sit in ons
murg en bloed;
Ons ruil dit vir geen taal, al is dit*

*nog so skoon,
Daarvoor het ons gely, veragting,
smaad en hoon.*

*Die heilige Bybel boek word by ons
hoog geëer,
Ons ag dit as die woord van ons
Liewe Heer;
Dit leer wat ons moet doen en dit
is ons genoeg,
Ons bring dit waar ons kom, tesame
met die ploeg.*

*Gedenk aan Volk en Land getroue
Hemelheer,
Sien gunstig ook op ons, soos op ons
vaders neer;
Bekroon ons handewerk en skenk ons
u gena,
En seën, lewende Heer, geliefd
Suid-Afrika.*

Carnarvon was oorhaastig met sy konfederasiëplanne en hy het dit laat misluk deur sy anneksasie van Transvaal in 1877. Ná talle proteste, het die Transvalers na die wapen gegryp en die land in 1881 losgeworstel. As 'n gevolg hiervan het S. J. du Toit die volgende lied, getoonset deur J. S. de Villiers, geskryf. (Musiek in F.A.K.-bundel.)

**DIE VIERKLEUR VAN
TRANSVAAL**

*Die Vierkleur van ons dierbaar land
Die waai weer oor Transvaal,
En wee die Godvergete hand,
Wat dit weer neer wil haal.
Waai hoog nou in ons helder lug,
Transvaalse vryheidsvlag,
Ons vyande is weggevlug,
Nou blink 'n blyer dag.*

Nog 'n volkslied waarvan die musiek mooi en opgewek is, verskyn in Mansvelt en Joan du Toit se bundel. Die woorde is deur Nico Hofmeyr, en die musiek deur A. R. Clauset.

ZUID-AFRIKAANSE VOLKSLIED

*O Land gekocht door bloed,
Door vrome heldemoed,
Gij zijt mij dier (bis).
O Land, gij zijt mij dier,
Wie ook uw kusten schuw,
Omkranst door rotsen ruw,
Ik ben verkleefd aan U,
En woon liefst hier (bis).*

*Uw naam weerklinkt in mij,
Als zoetste melodi,
Waar ik ook ga (bis)
Uw naam weerklinkt in mij,*

*O, teder is de band,
Mij hechtend aan uw strand,
Mijn dierbaar Vaderland,
Zuid-Afrika,
Zuid-Afrika.*

Ná die tweede Vryheidsoorlog, was baie mense neerslagtig, moedeloos, en wanhopig. Dit het geskyn of al die stryd en strewe tevergeefs was. Die ou republieke is vernietig, die vlase is afgetrek en hul nasionale liedere is in die pan gedoen.

Die volk se moed was egter nie vergoed dood nie. Spoedig het daar weer ontwakings gekom. Baie het die politieke stryd as gewonne gegee, maar het gevoel dat daar geen rede was waarom die volk en taal nie weer sy regmatige plek sou inneem nie. Ons kry dus die verskynsel van politieke partye soos „Het Volk,” e.d.m., en wat nog belangriker was, die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. En 'n Volkslied om die moedelose mense aan te wakker het ook nie agterweë gebly nie. Dit was „Afrikaners Landgenote” deur Nico Hofmeyr. Hierdie lied het 'n enorme rol gespeel in die herlewings van die Afrikaanse volksgedagte. Ná die oorlog was meeste mense te hartseer om die ou Republikeinse liedere te sing en daar was selfs persone onder ons wat die sing daarvan as onvanpas beskou het. „Afrikaners Landgenote” het nie die besielende krag van „'n Ieder Nasie” gehad nie, maar het tog genoeg begeesterende uitgestraal om alle volksdele te bevredig. Tot 1925 was dit dan ook so te sê die enigste lied wat op funksies gesing is. Dit word vandag verdring deur „Die Stem” en die herleeftde Republikeinse liedere, maar ons behoort dit in ere te hou, al is dit dan ook net om piëteitsredes.

Hofmeyr het die ritme en maat van die lied ontleen aan die Oostenrykse Volkslied „Gott Erhalte Unser Kaizer,” en tot vandag toe sing baie mense dit nog op hierdie wysie, 'n wysie wat ook terloops deur die Duitsers in hul Volkslied gehuldig word. Hofmeyr het egter later sy eie musiek (wat in die F.A.K.-bundel te vinde is) daarby komponseer.

AFRIKANERS LANDGENOTE

*Afrikaners Landgenote,
Wees getrou aan Volk en Taal,
Aan julselwe, aan elkander
Van die Kaap tot aan die Vaal,
Van Oranje tot Sambesie,
In Natal en in Transvaal.
Afrikaners landgenote,
Wees getrou aan volk en taal.*

(Vervolg op bladsy 30)

Afrikaanse Volksliedere

(Vervolg van bladsy 17)

*Afrikaanse Moeders, Dogters,
Afrikaanse son en veld
Is beroemd deur heel die wêreld,
Staan in boek en lied vermeld
Hul besiel met hoop en liefde,
Hoër, edeler dan geld.
Afrikaanse Moeders, Dogters,
Afrikaanse son en veld.*

*Eenheid, Vryheid, Reg en Liefde,
In ons dierbaar Vaderland.
Daarvoor stry ons, daarvoor ly ons,
Almal same in ons land.
Eenheid, Vryheid, Reg en Liefde,
Daarvoor werk ons hand aan hand,
Eenheid, Vryheid, Reg en Liefde,
In ons dierbaar Vaderland.*

Sedert 1925, miskien ten gevolge van ons akademiese onafhanklikheid, het 'n aantal nuwe Volksliedere hul verskyning gemaak. Of hulle sal lewe, kan die toekoms alleen bewys. Daar is drie vereistes vir 'n Volkslied: Die woorde moet besielend wees, die musiek verhewe, maar die derde vereiste is die belangrikste, en dit is dat die musiek eenvoudig, melodius en singbaar moet wees. Dit moet in die opelug gesing kan word. Baie van ons moderne Afri-

kaanse musiek is kunsmatig en volgens meganiese reëls geskryf en dit kry geen houvas op ons nie. As mens in die veld rondloop en jy het lus om te sing, sal jy jou in „Waar Tafelberg Begin” kan verlustig, maar jy sal nooit, „Dis die Blond, dis die Blou,” sing nie, wat in elk geval tog nie met die oog op toonsetting geskryf is deur die digter nie.

In die F.A.K.-bundel sal die leser nog baie Volksliedere vind, wat nog die vuur van beproewing moet deurmaak, bv. „Aan die Vaderland” (P. H. Langenhoven — Frans Abt); „Uit die Chaos van die Eeue,” (D.F. Viljoen — S. H. Eyssen); „Lied van Jong Suid-Afrika” (Eitemal — H. Gutsche); „Die Afrikaanse Leeu” (’n besonder inspirerende aanpassing deur A. G. Visser op die wysie van die Vlaamse Volkslied); „Oranje-Blanje-Blou” (Eitemal — Pierson); „Afrikanerlied” (H. A. Fagan — twee wysies om van te kies); „Vaandel wapper Fier en Vry” (P. H. Langenhoven — Seydler).

Probeer hulle maar gerus.

(Word Vervolg.)